15 September 2019

hallo.Hooglandse

Geloof deur liefde tot dade

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | www.facebook.com/pehoogland

Baie welkom by vanoggend se
FAMILIEDIENS & Gemeente PIEKNIEK!

Nuwe intrekkers en -lidmate

Indien jy 'n nuwe intrekker of lidmaat in die gemeente is, wil ons net sê -

baie welkom in die Hooglandfamilie !!

Meld asseblief in die voorportaal by die hoofdeur aan vir enige navrae. Neem gerus 'n ***"Nuwe Lidmate"*** koevert in die brosjurevakkies of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za. Kom geniet 'n lekker koppie koffie in die voorhuis na afloop van die erediens. (*Net links van die hoofingang in die voorportaal.)*

Gaan gerus ook na Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za onder EK WIL... en dan 'N LIDMAAT WORD en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

Baie welkom by Hoogland vandag!

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens: Familiediens
Ds Thania Botha

10:00 Gemeentepiekniek na afloop van die oggenddiens op die grasperk.

Deurkollekte: SIM (Bediening onder die Moslems)
Gebedsgeleentheid: na die diens in die moederskamer. Almal is welkom.

Koffie: direk *na die oggenddiens* in die saal en weer *voor die aandbyeenkoms* in die Voorhuis.

Aandbyeenkoms: Ds Pieter Nel
17:30*"Hot chocolate & Games"*
18:00 Byeenkoms begin

Ds Pieter preek vanoggend by NG Gemeente Sydenham.

Program vir die week

Maandag : 16 September
19:00 Kerkraadsvergadering

Dinsdag : 17 September
14:30 Vrouebybelstudie

Woensdag : 18 September
09:00 Buffelsfontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
18:45 Dissipelskapsreis

Donderdag : 19 September
10:30 Woord werkgroep
18:00 *Coffee Talks* in die Jeuglokaal

Vrydag : 20 September
05:30 Manne in geloof
(Interkerklike byeenkoms)
SKOLE SLUIT!

Hoogland Aandbyeenkoms

Oktober 2019 : Bybelmaand

Hou gerus die spasie dop vir Hoogland se betrokkenheid by Bybelmaand en hoe ons 'n verskil in ons eie omgewing kan maak daarmee.

Hoogland Web- & *Facebook*-blad

Gaan *like* gerus op Hoogland se *Facebook*-blad om op hoogte te bly van al Hoogland se weeklikse gebeure.
Gaan loer ook gerus van tyd tot tyd op Hoogland se webblad. Alle belangrike inligting, vorms en besonderhede is daarop beskikbaar.

Nuus vanuit die kerkkantoor

Ds Pieter sal vanaf 21 - 30 September 2019 met verlof wees. Kontak gerus die kerkkantoor of Ds Thania in 'n noodgeval.

Let asseblief daarop dat die kerkkantoor sal *Maandag, 23 September gesluit wees* vir die langnaweek.

MATRIEKS 2019 – "SAVE THE DATE"

Sondag, 6 Oktober om 08:30 – SKOOLVERLATERSDIENS
spesiaal vir alle matrieks, hulle ouers en onderwysers!

Persverklarings uitgereik deur die NG Kerk

Kry gerus 'n harde kopie (in die brosjurevakkies by die hoofdeure) van persverklarings wat die afgelope tyd uitgereik is deur die NG Kerk rakende die vlaag geweldsmisdade teen onder andere kinders, vrouens en migrante uit buurlande. Sien die skakel onder die laaste bladsy.

Nuwe Eredienstye

Onthou asseblief van *die NUWE eredienstye* vanaf Sondag, 6 Oktober 2019 vir kwartaal 4 & 1.

Oggenddiens	08:30
GVG	09:30

Koffiebediening

Hoogland benodig diensbare hande wat Sondagoggende na afloop van die oggenddiens kan help koffie bedien in die Voorhuis.

Laat weet gerus die kerkkantoor as jy wil deel word van Hoogland se koffiebediening.

Ons benodig dringend leë roomysbakke en yoghurt houers vir die sopbediening.

Uit die hart ...

Ek deel graag vandag 2 stories uit my eie lewe met julle. Een oor rykdom wat bestaan in aardse dinge, om te vat en te versamel... en die ander oor die rykdom wat daarin bestaan om te gee, jou *goeters*, maar selfs meer, jouself...

(1) Met twee poniesterte, elke met 'n groot blou strik vasgebind, blinkgepoleerde skoolskoene en 'n vars-gestrykte blou en geel skoolrokkie, staan 'n blinkoog dogtertjie en sê haar eerste toespraak (wat ma natuurlik help skryf het), voor die paneel beoordelaars by die debat-kompetisie. Ek kan nie meer onthou wat die onderwerp daarvan was nie, maar die storie wat ek daartydens moes vertel, bly my tot vandag toe by. Dit is die storie van koning Midas (ek is amper doodseker dit is nie waar die kettingwinkel se naam vandaan kom nie!).

Hy het meer goud gehad as enige ander koning in die wêreld. Op 'n dag, word daar aan koning Midas 'n wens toegestaan deur 'n feë en natuurlik, wens koning Midas dat alles waaraan hy sou raak, in goud sou verander. Die wens het waar geword en alles, van sy bed, tot sy klere en kos, en selfs sy dogter het in goud verander met sy aanraking. Gou was koning Midas baie hartseer en honger en het hy besef dat hy 'n groot fout gemaak het om te dink dat rykdom die belangrikste ding is...

(2) 'n Boer en sy vrou bly op 'n plaas. Die langdurende droogte, stygende insetkoste en dalende pryse waarteen boere hulle produkte moet verkoop, het hulle byna finansieël geruïneer... Die veld en krale waar daar eens beeste en skape gewei het en die lande waar daar eens 'n oes gestaan het, is dor en leeg. En tog, elke oggend staan die boer vroegdag op, trek sy khaki-klere aan, sit sy keps op en pak die dag met gebed aan. Wanneer iemand in die nood is, dan is hulle bereid om te help met 'n bord kos en selfs blyplek by hulle aan huis. Wanneer daar vir hulle gevra word: "Hoe gaan dit?" Dan kom die antwoord: "Dit gaan goed! Ons het baie om voor dankbaar te wees." Dit is die storie van my Oupa en Ouma. Hulle leef en *be*leef dat dit wat jou ryk maak, is om te gee...

Mag hierdie stories jou gedagtes prikkel om te vra: Wat is dit wat my ryk maak? Of eerder... Wie is waarlik ryk in God se oë**?**

Ds. Thania